F – WKOD-riglyn: Skoolvoeding

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	F - WKOD- riglyn: Skoolvoeding	
F - WKOD-riglyn	Datum: 20 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-20

F - WKOD- RIGLYN: SKOOLVOEDING

1. Doel

1.1 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voed gewoonlik deur middel van die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) ongeveer 285 406 leerders daagliks wanneer die skool aan die gang is.

1.2 Die WKOD het besluit om tydens die inperkingstydperk voort te gaan om leerders te voed totdat skole weer ten volle oopgestel is.

2. Vereistes

2.1 Weens Covid-19, die belangrikheid van veiligheid en om die verspreiding van die virus te beperk, maak ons staat op die goeie samewerking van prinsipale, personeel, voedselvrywilligers en die hele gemeenskap. Gevolglik sal almal moet help met die nakoming van die fundamenteelste veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls wat ons op die pad vorentoe kan voorsien, met in agneming van die buitengewone omstandighede

2.2 In die tussentyd sal skole leerders wat reeds klasse bywoon voed, asook leerders wat nog nie teruggekeer het skool toe nie maar wat in die gemeenskap woon (soos in die inperkingstydperk plaasgevind het). Die protokol vir skoolvoeding wat vroeër uitgereik is, bevat reeds toepaslike veiligheidsinligting wat gevolg moet word. *(Standaardbedryfsprosedures No: 1/2020 – Standaardbedryfs-prosedures vir prinsipale om te help met die voeding van kwesbare leerders wat gedurende die inperkingstydperk van die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) afhanklik is)*.

2.3 Leerders wat nog nie teruggekeer het skool toe nie moet afsonderlik gevoed word van leerders wat reeds klasse bywoon.

2.4 Skole moet voedingstye versprei onder die onderskeie groepe wat gevoed moet word om samedromming te vermy en sosiale afstand te handhaaf.

2.5 Leerders wat daagliks skool toe kom om gevoed te word moenie met leerders wat reeds klasse bywoon, meng nie.

2.6 Slegs leerders wat onder die skoolvoedingsprogram gevoed mag word, mag gevoed word, en niemand anders nie. Lede van die gemeenskap wat toegang tot kos wil hê, hou 'n risiko in. Die beheerliggaam/gemeenskapsleiers mag in hierdie verband help.

3. Verantwoordelikhede van die prinsipaal/skool

3.1 Leerders wat skool bywoon:

3.1.1 Maak seker dat die lokale/klaskamers wat gebruik word aan die vereiste veiligheidstandaarde voldoen.

3.1.2 Ontsmet en beveilig die gebiede/oppervlaktes wat gebruik gaan word.

3.1.3 Lig ouers/leerders oor maaltydreëlings in en hoe belangrik die handhawing van sosiale afstand is.
3.1.4 Voorkom lang toue en samedrommings. Versprei die voedingstye indien moontlik.
3.2 Leerders wat nie skool bywoon nie:
3.2.1 Leerders wat van buite af vir kos kom, moet gesif word.
3.2.2 Leerders moet houers bring om kos te kry.
3.2.3 Kos moet op 'n veilige plek aan leerders gelewer word.
3.2.4 Sien toe dat skole se NSVP-begunstigdes eerste gevoed word.
3.2.5 Leerders van ander skole in die gebied moet gevoed word as hulle vir voeding aanmeld en indien die skool genoeg kos het. Hierdie bykomende getalle moet by die distrikskantoor aangemeld word.
3.2.6 Sodra hulle hulle kos ontvang het, moet hulle die skool op ordelike wyse verlaat en aangemoedig word om reguit huis toe te gaan.
3.2.7 Die protokol vir skoolvoeding gedurende inperking geld steeds.
3.2.8 Bywoningsregisters moet gehou word van leerders wat toegang tot die voedingskemas het.
3.2.9 Slegs leerders wat die skool bywoon, mag by die skool eet. Ander leerders wat nog nie klasonderrig en leer ontvang nie, behoort nie by die skool te eet nie.
3.2.10 Maak alle vrywillige voedselhanteerders touwys oor die COVID-19-veiligheidsregulasies.

4. Veiligheidsmaatreëls tydens voedingsessies (Skole met NSVP)

4.1 Vrywillige voedselhanteerders moet hulle hande deeglik was voordat voedsel voorberei word: gesigmaskers, weggooibare handskoene en weggooibare plastiek voorskote moet gedra word om die oordra van druppeltjies te verhoed.
4.2 Diegene wat kos voorberei en/of bedien moenie gesels, skree of oor kos lag nie tensy hulle 'n gesigmasker dra.
4.3 Alle oppervlaktes moet daagliks met ontsmettingskoonmaakmiddels (natrium hipochloriet 0,5% [biocide-sakkies] **of** 'n bleikmiddelmengsel van 250 ml bleikmiddel met 5 liter water) skoongemaak word (voor en na maaltye).
4.4 Maak die kombuis/oppervlakte en alle gereedskap waarmee kos voorberei word skoon voordat daar met die voorbereiding daarvan begin word.
4.5 Beoefen sosiale afstand. Leerders moet toustaan met spasies van 1.5 m tussen mekaar.
4.6 Reël dat daar genoeg toesig by die hekke is en laat 'n beheerbare getal leerders by die skool op 'n slag in. Ouers/beheerliggame kan versoek word om te help.
4.7 Personeel moet hulle hande gereeld met seep en water was, of vir ten minste 20 sekondes lank.
4.8 Personeel moet veiligheidsmaatreëls wat hoes/nies betref, toepas.

4.9 Emmers water en seep kan by die ingangshekke geplaas word waar leerders gevra kan word om hulle hande te was. Skole kan ook handreinigers vir hierdie doel aankoop.

4.10 As hulle klaar bedien is, moet leerders gewys word om na die uitgang te beweeg.

4.11 Versprei voedingstye sodat leerders wat die skool bywoon afsonderlik gevoed word. Leerders in grade wat nog nie ingefaseer is nie, moenie met ander leerders meng nie en moet die skoolterrein verlaat.

4.12 Maak alle gereedskap en potte aan die einde van die voedingsessie skoon. Ontsmet die voedingsplek/kombuis deeglik.

4.13 Alle werksoppervlaktes moet gesteriliseer word met 'n skoonmaakmiddel wat 'n hoë bleikmiddelinhoud bevat.